Die kriteria waarvolgens die opstel geassesseer sal word, is m.b.v. 'n matriks georden en die matriks sal gebruik word vir die toekenning van 'n simbool aan 'n opstel. Beide die inhouds- en aanbiedingsasse is in sewe vaardigheidsvlakke verdeel. Elke vlak met sy kriteria wat gebruik sal word om 'n opstel te assesseer.

AANBIEDING	VLAK 1 Het ge-analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	VLAK 2 Het ge-analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	VLAK 3 Poog om te analyseer en historiese verklarings toe te pas. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	VLAK 4 Poog om te analyseer en historiese verklarings toe te pas. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktuereerd.	VLAK 5 Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poging tot strukturering.	VLAK 6 Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie. Geen duidelike struktuur nie.	VLAK 7 Geen analises en historiese verklarings nie. Geen struktuur nie. Onlogies (tot 'n sekere mate).
INHOUD							
VLAK 1 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	A+ 47 - 50	A 43 - 46	A- 40 - 42				
VLAK 2 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie is relevant.	A 43 - 46	A- 40 - 42	B+ 38 - 39				
VLAK 3 Vraag tot 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	B+ 38 - 39	B 36 - 37	B- 35	C+ 33 - 34			
VLAK 4 Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Effens onvoltooid en meestal relevant.			C+ 33 - 34	C 31 - 32	D+ 28 - 29		
VLAK 5 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang (soms irrelevantheide).				C- 30	D 26 - 27	E+ 23 - 24	
VLAK 6 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Inhoud skraal (soms irrelevantheide).					D- 25	E 21 - 22	E- 20
VLAK 7 Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud skraal of ontoereikend. Grootliks/ heeltemal irrelevant						E- 20	F 13 - 19 G 07 - 12 H 00 - 06

AFDELING A: OPSTELVRAE

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'n SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'n RIGLYN VIR NASIEN VAN 'n SPESIFIEKE OPSTEL.**

VRAAG 1A: DIE PERIODE 1924 TOT 1934

Beskryf hoe Generaal J B M Hertzog gehelp het om in die periode 1924 tot 1934 Suid-Afrika nader na soewereine onafhanklikheid te beweeg.

SINOPSIS

Die antwoord moet Hertzog se betrokkenheid aandui en ook hoe dit Suid-Afrika in sy beweging na soewereine onafhanklikheid vanaf 1924 to 1934 gehelp het.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Dit moet aandui hoe Hertzog Suid-Afrika gehelp het in sy beweging na soewereine onafhanklikheid vanaf 1924 tot 1934.

UITBREIDING

- Die posisie van die dominiums toe Hertzog in 1924 aan bewind kom (volgens die wet was hulle aan Brittanje ondergeskik)
- Die Rykskonferensie (Hertzog wou duidelikheid oor die posisie van Suid-Afrika en die dominiums te kry) en die Balfourverklaring (Die status van Suid-Afrika en die ander dominiums is gedefinieer.)
- *[Die Departement van Buitelandse Sake en vlag - die stigting en aanname hiervan het aan Suid-Afrika die geleentheid gebied om sy onafhanklikheid te bewys].*
- Die Statuut van Westminster, 1931 ('n Britse wet wat die beginsels van die Balfourverklaring vervat het)
- Die Status en Seëlwette, 1934 (Hierdie wette het die Suid-Afrikaanse onafhanklikheid beskerm deur die Statuut van Westminster in Suid-Afrikaanse reg in te skryf.)
- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat met 'n aanduiding dat Hertzog 'n integrale deel was van die beweging na Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid teen 1934 erken te kry.

[50]

VRAAG 1B: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Bespreek die redes vir die ontstaan (Desember 1934) en skeuring van die Verenigde Party (September 1939).

SINOPSIS

Kandidate moet fokus op die onderskeie redes wat tot die stigting en skeuring van die Verenigde Party gelei het.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

Kandidate moet kortliks verwys na die ekonomiese faktore en koalisie, maar as hulle uitbrei oor die ekonomiese faktore en koalisie, moet hulle nie gepenaliseer word nie.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet aandui dat die VP in Desember 1934 gestig is en geskeur het in September 1939.

UITBREIDING

- Ekonomiese faktore (gevolge van die Groot Depressie, ingeslote die goudstandaard-krisis)
- Koalisie (faktore wat daartoe gelei het en ideologiese verskille)
- Samesmelting (redes en gevolge) en die vorming van splintergroepe
- Politieke hergroepering (gekoppel aan die botsing van persoonlikhede; Afrikaner vs. Engelssprekende)
- *[Rassekwessie - sommige was gekant teen segregasie]*
- Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (neutraliteit vs. deelname)
- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat met 'n aanduiding waarom die VP gevorm was en waarom dit geskeur het.

[50]

VRAAG 2A: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Bespreek die omstandighede tussen 1948 en 1961 wat tot die totstandkoming van die 'slegs blankes'-Republiek van Suid-Afrika gelei het.

SINOPSIS

In die beantwoording van die vraag, word verwag dat die kandidaat die omstandighede onder die onderskeie eerste ministers wat tot die totstandkoming van die 'slegs blankes'-republiek gelei het, bespreek. In die bespreking hiervan kan die wetgewing om apartheid te vestig, bespreek word. Gegee die bree raamwerk van die vraag, kan weerstand ook bespreek word.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate behoort te fokus op die totstandkoming van 'n 'slegs blankes'-republiek in 1961 as 'n hoogtepunt in die stryd om 'n republiek wat deur Afrikaner-nasionaliste sedert 1948 gelei is.

UITBREIDING

- Ontwikkelings gedurende die periode onder D F Malan, 1948-1953 (fokus op die verbreking van bande met Brittanje)
- Ontwikkelings gedurende die periode onder J G Strijdom, 1953-1958 (beklemtoon die simboliese veranderings aangebring)
- Ontwikkelings gedurende die periode onder H F Verwoerd, 1958-1961 (besluit om 'n republiek te stig en die onttrekking van die Statebond)
- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat deur te toon dat die verskillende eerste ministers bygedra het tot die totstandkoming van 'n 'slegs blankes'-republiek

[50]

VRAAG 2B: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Beskryf die passiewe weerstand teen apartheid tussen 1948 en 1958.

SINOPSIS

Kandidate moet passiewe verset teen apartheid gedurende die periode 1948 tot 1958 beklemtoon.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet fokus op die redes vir passiewe verset teen apartheid of 'n verduideliking gee van die aard van passiewe verset.

UITBREIDING

- Die Program van Aksie van die ANC
- Die Verset-veldtog (Defiance Campaign) – 1952
- *[Onderwysboikot – 1954]*
- Die Kongres-Alliansie (Congress Alliance) en die Vryheidsmanifes (Freedom Charter) - 1955
- Die Hoogverraad-verhoor – 1956 as die staat se reaksie op die weerstand
- Die Anti-pas-veldtog van die Vroue na die Uniegebou - 1956
- *[Die busboikotte – bv. 1957]*
- Kandidate kan ook verwys ná ander aksies na 1956 bv. voortgesette proteste teen die uitbreiding van die paswette, SACTU pond-per-dag-veldtog van 1957
- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat deur te beklemtoon dat dié 'n periode van passiewe verset teen apartheid was.

[50]

VRAAG 3A: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Bespreek die interne weerstand en die internasionale druk teen P W Botha se beleid van totale strategie in die 1980's.

SINOPSIS

Daar word van die kandidate verwag om kortliks die onderdrukkende maatreëls te skets as 'n inleiding tot die fokus op weerstand. Hulle moet ook die aard van die interne verset bespreek en 'n aanduiding gee van die buitelandse druk op Suid-Afrika op hierdie stadium.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet sê wat die beleid van 'totale strategie' was en aandui dat die onderdrukkende maatreëls tot interne en internasionale druk teen die regering van Botha gelei het of dat die weerstand vanaf twee kante (binnelands en internasionaal) gekom het.

UITBREIDING

- Onderdrukking en hervorming (grondwet van 1983) – kort oorsig
- Weerstand – (ontstuitbare massa-aksie; die totstandkoming en rol van die UDF in verset teen hervorming)
- Weerstand – (rol van ander organisasies in verset teen hervorming) bv. die Nasionale Forum, AZAPO, Swartbewussynsorganisasie, gemeenskap- /township, godsdienstige organisasies, ens. in verset teen hervorming)
- Instelling van Noodtoestand (redes en reaksie) as 'n reaksie op weerstand
- Die ontstaan van die MDM - 1985
- Internasionale druk (invloed van sanksies deur die internasionale gemeenskap)
- Samevatting: Die kandidate moet hul argumente saamvat deur aan te dui wat die invloed van interne en buitelandse druk op Botha se regering was.

[50]

VRAAG 3B: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Verduidelik **hoe** onderhandelinge tussen 1989 en 1994 tot 'n demokrasie in Suid-Afrika gelei het.

SINOPSIS

Kandidate moet aandui hoe Suid-Afrika vanaf 'n gespanne politieke toneel onder apartheid na 'n regering van nasionale eenheid as gevolg van onderhandelinge verander is.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Daar moet aangedui word dat die politieke onderhandelings Suid-Afrika in 'n demokrasie verander het of 'n verklaring kan gemaak word oor die belangrikheid/betekenis van 1989.

UITBREIDING

- Die besluit ten gunste van onderhandelings (waarom onderhandelings?) – kortliks
- Die rol van verskillende persoonlikhede bv. FW de Klerk, Nelson Mandela, Cyril Ramaphosa, Roelf Meyer, ens.
- Die rol van verskillende gebeure en ontwikkelings, bv. die Grootte Schuur Minuut, die Pretoria Minuut, CODESA I & II, die ontstaan van COSAG, geweld as die konteks waarin die onderhandewlinge plaasgevind het [*geweld in Boipatong, Natal en elders, regse aktiwiteite*].
- Versterking van onderhandelings, kompromie en verbintenis
- Die eerste demokratiese verkiesing van April 1994 [*die vlag en die volkslied as eed van trou aan die nuwe demokrasie*]
- Samevatting: Kandidate moet hul gedagterigtings saamvat deur aan te dui hoe politieke onderhandelinge tot 'n demokrasie in 1994 gelei het. **[50]**

AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE**DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.
- In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.

VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAAGSTELLING

VLAK 1 (V 1)	Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne.
VLAK 2 (V 2)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAK 3 (V 3)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAK 4 (V 4)	Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne.

VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**4.1 DIE ROL VAN GENERAAL J C SMUTS EN GENERAAL J B M HERTZOG IN DIE SAMESMELTINGS- EN SKEURINGSPOLITIEK IN DIE 1930's**4.1.1 *[Interpretasie van Bron 4A – V 2]*

- Bron 4A toon goeie/ hartlike /verliefde verhouding tussen Hertzog en Smuts
- Hertzog word uitgebeeld as die dominante figuur (die man) terwyl Smuts as die vrou uitgebeeld word. Gedurende die periode was mans as die dominante figure beskou.
- Smuts verlei/ manipuleer Hertzog
- Dit beeld 'n 'gerieflikheidshuwelik' uit

(enige 2 x 2)

4.1.2 *[Interpretasie van Bron 4B – V 2]*

Kandidate moet toon dat die verhouding tussen die twee nie goed was nie en moet dan enige bewys lewer om dit aan te toon

- In Bron 4B staan Hertzog en Smuts rug teen rug – ondersteun mekaar – kan nie sonder mekaar staande bly nie
- Hertzog word baie groter uitgebeeld (senioriteit) dominante vennoot – d.i. Eerste Minister
- Toon vyandigheid tussen Hertzog en Smuts aan – beide staan met hul voete vas geanker in die grond – 'hulle steek viervoet vas'
- liggaamshouding en gesigsuitdrukking

(enige 2 x 2)

4.1.3 *[Interpretasie van Bronne 4A en 4B – V 3]*

- volgens die spotprenttekenaars Bron 4A toon dat die twee gelukkig saam verkeer en Bron 4B wys dat die verhouding verander het en dat hulle nie meer gelukkig saam is nie
- Bron 4 A beeld die verwagte verhouding tussen Hertzog en Smuts na die samesmelting uit, terwyl Bron 4B *Die Burger* se standpunt oor die samesmelting wys.
- Bron 4A toon ooreenstemming en Bron 4B wys die gebrek daaraan
- Bron 4A het geen verwyssing na die wegbreek groepe, Bron 4B wys op die wegbreek

(enige 1 x 4)

4.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Verklaring 1 van Bron 4C - V 2]*

- Hertzog het verwag dat die Afrikaanssprekendes nie aan die oorlog sou wou deelneem nie.
(Sommige kandidate mag na die OB en die Nuwe Orde se openlike simpatie met die Nazi's verwys)
- Geskok, was anti-Brits en pro-Duits

(1 x 2)

4.1.5 [Seleksie van inligting uit Verklaring 1 en 2 van Bron 4C – V 2]

- Dit het die politieke denke rakende Suid-Afrika se neutraliteit /deelname verdeel
- Dit het die Verenigde Party verdeel en tot die stigting van nuwe politieke bondgenootskappe gelei
- Hertzog het bedank
- Smuts het Eerste Minister geword
- Suid-Afrika het aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem

(enige 2 x 2)
(18)

**4.2 KRITIEK OP DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS (ANC)
IN DIE 1940's****4.2.1 [Interpreteer inligting uit Bronne 4D en 4E – V 3]**

- Volgens Bron 4D was die ANC 'n organisasie wat slegs vir intellektuele voorsiening gemaak het en nie bekommerd was oor die massas nie
- Volgens Bron 4E het die ANC 'n gematigde beleid, bv. afvaardigings en onderhandelings, gevolg.
- ANCYL lede wou hê dat die ANC 'n radikale beleid moet volg, wat stakings en massa-aksies ingesluit het.

(3 x 2)

4.2.2 [Seleksie van bewyse uit Bron 4F – V 1]

- Tekort aan politieke opleiding/ onderrig
- Lede van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party het die ANC beter as lede van die ANC verstaan
- Die ANC wou hê dat mense by die organisasie moes aansluit, maar het nie seker gemaak dat hulle die beginsels van die organisasie verstaan nie
- Die ANC het nie seker gemaak dat sy lede verstaan het waarvoor hulle geveg het nie
- Die Kommunistiese Party het die lede van die ANC polities opgelei

(enige 4 x 1)

4.2.3 [Interpretasie en analise van bewyse uit bronne – V 4]

- Kandidate moet die vlak van betroubaarheid vasstel
- Bewyse in die bronne moet mekaar oor die ANC se onvermoë om aanklank by die massas te vind, ondersteun
- Sommige lede van die ANC was krities teenoor die organisasie se leierskap
- Bewyse uit al die bronne toon dat die ANC nie 'n massa-grondslag gehad het nie
- Enige ander toepaslike inligting

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kandidaat verstaan nie • of verstaan gedeeltelik die begrip betroubaarheid • het nie die vermoë om die betroubaarheid van bronne te bepaal nie. 	0 – 2 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Kandidaat verstaan die begrip betroubaarheid • is daartoe in staat om die betroubaarheid van bronne in 'n sekere mate te bepaal. 	3 – 4 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Kandidaat verstaan die begrip betroubaarheid • het die vermoë om die betroubaarheid van bronne te bepaal. • Gebruik hierdie vermoë om tot 'n duidelike en gegronde slotsom oor die betroubaarheid van bronne te kom. 	5 – 6 punte

(6)
(16)

4.3 BEHANDELING VAN DIE TERUGKERENDE SOLDATE NA DIE TWEEDE WêRELDOORLOG

4.3.1 [Seleksie van inligting uit Bronne 4G en 4H – V 1]

- Hoef nie passe te dra nie (Bron 4G)
- Huise teen 'n lae huur ontvang (Bron 4G)
- Sal vergoed word (Bron 4H)
- Suid-Afrika verander (Bron 4H) (4 x 1)

4.3.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 4H – V 2]

- Blanke soldate het beter behandeling ontvang
- Voordele soos geld, onderwys, pensioenvoordele en lidmaatskap van oud-strydersorganisasies (2 x 2)

4.3.3 [Interpretasie en analise van bewyse uit bronne – V 4]

Daar word van kandidate verwag om te verduidelik hoe soldate behandel was.

Fokus op die volgende aspekte:

- Werkverskaffing
- Behuising
- Onderwys
- Pensioen
- Nie toegelaat tot oud-strydersorganisasies nie
- Passe

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie bewyse onttrek nie • of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse • Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf • of kan nie oor onderwerp skryf nie. 	0 – 2 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is • bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. 	3 – 5 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek relevante bewyse uit bronne • bewyse hou baie goed met die onderwerp verband • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp toon. 	6 – 8 punte

(8)
(16)
[50]

VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**5.1 VROU IN DIE WEERSTANDBEWEGING IN DIE 1950's**5.1.1 *[Seleksie van inligting uit Bronne 5A – V 1]*

- Hulle het aan 'n opmars deelgeneem ter afskaffing van die paswette (1 x 2)

5.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5A – V 2]*

- Die regering het hul petisies geïgnoreer/ Eerste Minister was nie beskikbaar (nie op kantoor) / petisies voor leë kantore van die regering gelaat
- die styaaatsamptenare lyk verbaas
- Gevoel hul petisies nie as belangrik genoeg geag vir oorweging nie (2 x 2)

5.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5A – V 2]*

- Vroue was sterk; magtig; veerkragtig (en hulle was die krag agter die manne, maar sou nou meer aktief word)
- Die regering sou die besluit om paswette ook op die vroue van toepassing te maak, betreur / regering sal betaal vir wat dit gedoen het
- Vroue sal nou 'n meer aktiewe rol in die politiek begin speel (enige 1 x 2)

5.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5B – V 2]*

- Dit het verset simboliseer, solidariteit, eenheid, saam wees, swart mag, magsoorgawe aan die mense; Duim omhoog-teken beteken Mayibuye iAfrika (ANC teken van die 1950s) Enige ander relevante reaksie. (1 x 2)

5.1.5 *[Seleksie van inligting uit Bron 5C – V 1]*

- Dit was veral swartmense wat gearresteer was
- Daar was strooptogte en verlies aan lone;
- Paswette het bewegingsvryheid ingeperk
- Weke in die selle verhoorafwagend
- Lang ure gewag om 'n pas te verkry;
- Tot plaas-arbeid gedwing;
- Families is verdeel;
- 'n Kringloop van armoede onder swartes aangemoedig, ens. (enige 3 x 2)

5.1.6 (a) *[Analise van bewyse uit Bron 5C – V 2]*

- Nee (2)

(b) *[Analise van bewyse uit Bron 5C – V 2]*

- Die regering het slegs die naam van die pas verander na 'n Verwysingsboek; dit was eintlik dieselfde.
- Swartes moes steeds sekere vorm van dokumentasie hê wat hulle toelating tot die sogenaamde 'blanke' areas sou gee.
- Uitbreiding van paswette om swart vroue in te sluit
- Enige ander relevante respons (2 x 2)

5.1.7 [Onttrekking en sintese van inligting uit Bronne 5A, 5B en 5C –V 4]

Kandidate moet op die volgende aspekte fokus:

- Die rol in hierdie anti-pasprotes
- Vroue het 'n vernamese rol in die versetpolitiek gespeel
- Was betrokke in optogte, wegbly-aksies, boikotte ten einde die regering te dwing om sy beleid te verander
- In plattelandse swart gemeenskappe het hulle die broodnodige ondersteuning vir kinders en die bejaardes voorsien
- Het in die 1950's 'n aantal leierskapsposisies in die stryd teen apartheid ingeneem
- Die rol van die Black Sash

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie bewyse onttrek nie • of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse • Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf • of kan nie oor onderwerp skryf nie. 	0 – 2 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is • onttrekte bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp. • Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. 	3 – 5 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek relevante bewyse uit bronne • onttrekte bewyse hou baie goed met die onderwerp verband • gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp 	6 – 8 punte

(8)
(30)

5.2 DIE ROL VAN DIE PAN AFRICANIST CONGRESS (PAC) EN ROBERT SOBUKWE IN DIE STRYD TEEN APARTHEID

5.2.1 [Seleksie van inligting uit Bron 5D – V 2]

- Volgens Thlooe, was Sobukwe 'n beginselvaste leier wat moed en integriteit gehad het en bowenal lief was vir mense; dit is kenmerke wat Thlooe se lewe gevorm het (dit is van die inskripsie op die grafsteen)

(1 x 2)

5.2.2 [Seleksie van inligting uit Bron 5D – V 1]

- Hy was eerlik, het integriteit gehad, was dapper, ook vreesloos
- Hy was dinamies en welsprekend

(1 x 2)

5.2.3 *[Interpretasie en analise van Bron 5E – V2]*

- Die PAC het gereken dat slegs Afrikane die beweging moes lei – die slagspreuk het dit gereflekteer
- Die bevryding van Afrika moes slegs deur Afrikane gedoen word
- Die hele Afrika moes deur Afrikane gelei word
- Volgens Bron 5D wou Robert Sobukwe 'n Verenigde State van Afrika hê

(enige 2 x 2)

5.2.4 *[Analise van bewyse uit Bronne 5D en 5G – V 3]*

- Beide bronne is baie positief oor Sobukwe se sterk persoonlikheid
- Beide bronne is baie positief oor Sobukwe se intellektuele vermoë
- Volgens die bronne was hy ook 'n goeie organiseerder
- en het 'n magnetiese karakter gehad

(enige 2 x 2)

5.2.5 (a) *[Interpretasie van Bron 5F – V 2]*

- Veroordeling van die massamoord
 - Dit het die polisie se wreedheid beklemtoon (apartheid regime)
- Enige ander relevante uitdrukking

(2 x 2)

(b) *[Interpretasie van Bron 5F – V 2]*

- Die teks beklemtoon die veroordeling en wreedheid
 - Emosioneel deurdrenkte woorde soos slagveld, het die aantal sterftes en gewondes beklemtoon, gespartel, begin vuur – vuurwapens, en vroue en kinders was slagoffers
- Die kandidate mag sê dat die getalle wat deur die koerant verstrekk word, verkeerd is

(2 x 2)

(20)**[50]**

VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**6.1 DIE WEERSTAND VAN DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) OP P W BOTHA SE HERVORMINGS****6.1.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 6A – V 1 & V 2]**

- ALLE: Alle Suid-Afrikaners, ongeag 'ras', het al hul regte geëis
- HIER: Suid-Afrikaners het hul regte in 'n verenigde, onverdeelde Suid- Afrika, geëis
- NOU: Suid-Afrikaners het hul regte onmiddellik geëis (3 x 2)
Kandidate kan hul verduidelikings verskillend uitdruk

6.1.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 6B om begrip te toon - V 1 & V 2]

- Dit het onthul dat Botha se hervormings niks verander het nie
- Die UDF leiers, daarteen is steeds aangehou
- Vergaderings is steeds verban
- Mense steeds onderdruk
- Mense steeds doodgemaak
- Die banier het bowenal beklemtoon dat hulle steeds sou protesteer (enige 3 x 2)

6.1.3 (a) [Onttrek en vergelyk bewyse uit bronne 6A en 6B – V 3]

- Ja, in 'n groot mate (2)

(b) [Onttrek en vergelyk bewyse uit bronne 6A en 6B – V 3]

- Beide het alle Suid-Afrikaners aangemoedig om teen apartheid en die gevolge van apartheid te protesteer
- Beide was die mening toegedaan dat die 'hervormings' nie werklik hervormings was nie (2 x 1)

As 'n ander standpunt as die bogenoemde gehuldig word, moet dit behoorlik en relevant gemotiveer word en dienooreenkomstig bepunt word.

6.1.4 [Onttrekking en sintese van bewyse uit bronne 6A en 6B - V 4]

Kandidate moet op die UDF se reaksies op Botha se hervormings fokus

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie bewyse onttrek nie • of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse • Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf • of kan nie oor onderwerp skryf nie. 	0 – 2 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is • bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. 	3 – 4 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek relevante bewyse uit bronne • Bewyse hou baie goed met die onderwerp verband • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp. 	5 – 6 punte

(6)
(22)

6.2 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE VRYLATING VAN DR. NELSON MANDELA VIR DIE VREDESPROSES IN SUID-AFRIKA

6.2.1 [Onttrek bewyse uit Bron 6C- V 1]

- Nuwe demokratiese grondwet
- Universele stemreg
- Geen onderdrukking/ oorheersing
- Gelykheid voor 'n onafhanklike regbank
- Godsdiensvryheid
- Vrylating van Mandela
- Beskerming van minderheid en individuele regte
- beter onderwys, gesondheidsdienste, behuising en maatskaplike dienste vir almal

(enige 4 x 1)

6.2.2 [Onttrek en vergelyk bewyse uit bronne 6D en 6F – V 3]

- Die geskrewe bron sê aan ons dat hy vrygelaat is en ook wat hy gesê het
- Die foto wys die mense wat tydens sy vrylating by was, asook sy veiligheidswagte
- Dit toon ook die gemoedstoestand van die mense
- Dit toon die mense se kleredrag, bv. wys dat die mense wat hom gaan ontmoet het, T-hempde aan gehad het; hoë vlak van sekuriteit
- Winnie Mandela (eggenote) het Nelson Mandela vergesel
- Teenwoordigheid van die pers
- Die belangstelling van blanke Suid-Afrikaners in Mandela se vrylating

(enige 2 x 2)

6.2.3 [Gebruik en interpreteer inligting uit Bron 6E – V 3]

- Dit wys 'n hok in die vorm van Afrika met sy deur oop
- Die voël simboliseer Mandela wat besig is om die hok te verlaat en vry is om te gaan (met Mandela se vrylating was Suid-Afrika nader aan die bevryding van alle Suid-Afrikaners)
- Dit het ook 'n nuwe gees van vryheid / bevryding oor die hele Afrika uitgestuur
- Dit illustreer dat Mandela vir Suid-Afrika deure na die internasionale gemeenskap oopgemaak het
- Die vrylating van Mandela het ook aan Afrika kredietwaardigheid gegee (internasionale ikoon)

(enige 3 x 2)

6.2.4 [Onttrek en vergelyk bewyse uit bronne 6C en 6F – V 3]

DE KLERK

- Voel dat daar geen rede was vir 'n voortsetting van die stryd en geweld nie
- Wil graag met alle leiers praat in 'n poging om politiek vrylik te kan bedryf

MANDELA

- vra dat die stryd op alle vlakke, ingeslote die gewapende weerstand en internasionale isolasie van die apartheidsregime in intensiteit moet toeneem
- hy het spesifiek die blanke medewerkers versoek om by alle ander Suid-Afrikaners in die vorming van die nuwe Suid-Afrika en by die vryheidstryd aan te sluit

(3 x 2)

6.2.5 [Onttrekking en sintese van bewyse uit alle bronne - V 4]

Kandidate moet aandui waarom politieke onderdrukking nie weer in Suid-Afrika sou voorkom nie, deur al die bronne te gebruik

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie bewyse onttrek nie • of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse • Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf • of kan nie oor onderwerp skryf nie. 	0 – 2 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is • bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. 	3 – 5 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek relevante bewyse uit bronne • bewyse hou baie goed met die onderwerp verband • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp 	6 – 8 punte

(8)

(28)

[50]

TOTAAL: 150